Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2021-02-09

Geagte ouers

NUUSBRIEF 2/2021

Ons is nou net ‘n paar dae weg vanaf die begin van ‘n nuwe akademiese jaar vir ons leerders. Ons personeel is baie opgewonde oor die nuwe skooljaar en kan nie meer wag om ons leerders onderskeidelik Maandag en Dinsdag te ontvang nie.

Aangesien ons steeds nie die 50% leerder-kapasiteit mag oorskry nie, sal leerders in beide die Grondslagfase en Intermediêre- en Senior Fase skool op alternatiewe dae bywoon.

Hiermee dan net ‘n paar laaste reëlings om van kennis te neem.

AKADEMIE

Skole heropen in 2021 soos volg:

- Maandag 15 Februarie 2021 vir ***Groep A-leerders*** en
- Dinsdag 16 Februarie 2021 vir ***Groep B-leerders***.

Skooldrag: Somer skooluniform. *Skakel asb. die skoolkantoor (042-2951119) indien u nie weet of u kind in Groep A of B is nie.*

Finale Skoolkalender 2021 datums:

Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
(25 January) (01) 15 February – 23 April	(13)(12)10	(65)(60)50	3	(62)(57)47
03 May – 09 July	10	50	1	49
26 July – 01 October	10	50	2	48
11 October – 15 (15) December	10	48 (48)	00	(48)48
Total	**(43)(42)40**	**(213)(208)198**	**6**	**(207)(202)192**

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skoolure 2021: Ons skoolure sien soos volg daaruit: Gr. RR-3: 07:30 – 13:00
Gr. 4-7: 07:30 – 13:30

Skoolingange:

Gr. RR-3: Piet Uysstraat (07:00-07:30)
Gr. 4-7: Heughstraat (07:00-07:30)

Skooluitgange:

Gr. RR-3: Piet Uysstraat (13:00)
Gr. 4-5: Piet Uysstraat (13:30)
Gr. 6-7: Heughstraat (13:30)

Buite hierdie tye, word toegang deur die skoolkantoor hanteer.

Eerste skooldag prosedure:

Gr. RR: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-07:30.
Een ouer per leerder word toegelaat om die leerder na die Gr. RR klassie te vergesel.
Juf. Shene ontvang leerders en voltooi die COVID-19 Protokolle.

Gr. R: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-07:30.
Een ouer per leerder word toegelaat om die leerder na die Gr. RR klassie te vergesel.
Juf. Rienie en Joselle ontvang leerders en voltooi die COVID-19 Protokolle.

Gr. 1-3: Ingang in Piet Uysstraat tussen 07:00-07:30.
Geen ouer word binne die skoolterrein toegelaat nie.
Leerders word na die saal en daarna na hul klasse vergesel.
COVID-19 protokolle vind deurgaans plaas.

Gr. 4-7: Ingang in Heughweg tussen 07:00-07:30.
Geen ouer word binne die skoolterrein toegelaat nie.
Nuwe leerders word na die rye vergesel.
COVID-19 protokolle vind deurgaans plaas.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Ouer-onderwyservergaderings: Om aan die vereistes van sosiale afstand te voldoen beplan ons die vergaderings soos volg. Die vergaderings begin almal om 18:00 en vind in die skoolsaal plaas. Ons versoek dat *slegs een ouer per leerder* die vergadering sal bywoon. Sifting begin reeds om 17:30. Maak voorsiening hiervoor en dra deurgaans asb. u masker.

- Gr. RR/R: Maandag 15 Februarie — Gr. 1: Dinsdag 16 Februarie
- Gr. 2: Woensdag 17 Februarie — Gr. 3: Donderdag 18 Februarie
- Gr. 4: Maandag 22 Februarie — Gr. 5: Dinsdag 23 Februarie
- Gr. 6: Woensdag 24 Februarie — Gr. 7: Donderdag 25 Februarie

SPORT- EN KULTUUR

Buitemuurse rooster: Aangesien geen-kontak sportoefeninge en wedstryde, geen-kontak sportverwante aktiwiteite en skoolgebasseerde kuns- en kultuuraktiwiteite, sonder toeskouers by skole mag hervat, gaan ons ‘n basiese buitemuurse rooster inisieer. Daar is egter nog addisionele Vlak 3 regulasies wat addisionele beperkinge op aktiwiteite plaas. Hierdie buitemuurse rooster sal in aanvang neem op Maandag 22 Februarie 2021.

COVID-19 PROTOKOLLE

Sifting: Sifting vind soggens vanaf 07:00-07:30 by die skoolingange plaas. Sifting behels die meet van die leerder se temperatuur, ‘n kort vraelys t.o.v. leerder-simptome wat ervaar word asook die sanitering van die leerders se hande.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Algemene higiëne protokol (voor-, tydens- en na-skool)

- Bly tuis as jy siek is.
- Hoes en nies in gevoude elmboog.
- Gebruik tissues en gooi dit dadelik weg.
- Vermy alle fisiese kontak.
- Fisiese afstand van 1m moet deurgaans gehandhaaf word.
- Maskers en / of gesigskerms moet deurgaans gedra word.
- Vermy die aanraak van oë, neus en mond.
- Was hande gereeld en deeglik met seep en water en / of gebruik handsaniteerders.
- Ontsmet werksoppervlaktes en artikels wat gereeld aangeraak word.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2021

Vanjaar vind Laerskool Stulting se Beheerliggaamverkiesing op 10 Maart 2021 plaas. Die formaat is ‘n Voldagverkiesing en ouers sal vanaf 07:00 tot 19:00 hul stem by die skool kan uitbring. Nominasies open op 3 Maart en sluit op 5 Maart. ‘n Profiel van al die genomineerdes sal op 5 Maart aan alle ouers beskikbaar gestel word.

FINANSIES

Skoolgeld 2021: Baie dankie aan al ons ouers wat getrou tot die skoolfonds bydra. Hierdie jaar, meer as ooit tevore het ons u samewerking hiervoor nodig. Die jaarlikse skoolgeld vir 2021 is: *R 13 915* (Gr. 1-7) en *R 14 520* (Gr. RR/R) per kind per jaar. ‘n Eenmalige *boekfooi* van *R 500* (Gr. RR-7) was reeds in Januarie betaalbaar.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar. Gebruik asb. die volgende bankbesonderhede vir maandelikse betalings: NEDBANK, Rek. #: 126 3020 119, Tak #: 126-317, Verwysing: U skoolfooiverwysingsnommer (verskyn op die skoolgeldrekeninge).

Kontak asseblief die skoolkantoor by skoolfooie@stulting.co.za vir enige skoolfooie navrae.

LEIERSKAPONTWIKKELING

Al ons Gr. 7-leerders (2021) moet Vrydag 12 Februarie 2021 om 09:30 in hul somer skooldrag by die skool rapporteer (Heughstraat). Hulle gaan almal oriëntasie ontvang aangaande hul pligte en verantwoordelikhede met die oog op die kies van prefekte gedurende die kwartaal. Ouers kan hulle weer om 12:00 afhaal.

KLEREWINKELURE

Addisionele tye: 10 & 11 Februarie: 12:00-14:00
15 Februarie: 07:15-09:00

Normale tye weekliks vanaf 16 Februarie: Dinsdae: 07:15-08:15
Woensdae: 07:15-08:15

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF